Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2011

REKENINGKUNDE

PUNTE: **300**

TYD: **3 uur**

* A C C N T A *

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit 6 verpligte vrae.

2. Beantwoord AL die vrae in die spesiale antwoordeboek wat voorsien word.

3. Waar van toepassing, moet bewerkinge getoon word sodat deelpunte verdien kan word.

4. Nieprogrammeerbare rekenaars mag gebruik word.

5. Jy mag ʼn donker potlood of ʼn swart/blou pen gebruik om die vrae te beantwoord.

6. ʼn Uiteensetting van vrae word voorsien. Jy moet probeer om by die voorgestelde tydstoedeling vir elke vraag te hou.

Gebruik die inligting in die onderstaande tabel om as riglyn te dien by die beantwoording van die vrae. Hou so ver moontlik by die tydsindeling.

VRAAG 1: (60 punte ; 36 minute)	
Onderwerp van die vraag	***Leeruitkomste gedek***
Vaste Bates en Inkomstestaat	**LU3** Bestuursbronne • Aantekening van waardevermindering, aankope en verkope van vaste bates **LU1** Finansiële Inligting • Met inagneming van aansuiwerings, stel die Inkomstestaat op

VRAAG 2: (60 punte ; 36 minute)	
Onderwerp van die vraag	***Leeruitkomste gedek***
Vennootskappe (Balansstaat en Interpretasie)	**LU1** Finansiële Inligting • Voltooiing van die Balansstaat en Notas • Interpreteer finansiële verhoudings en aanwysers **LU3** Bestuursbronne • Interne Ouditeursprosesse en ontleding van etiese gedrag

VRAAG 3: (35 punte ; 21 minute)	
Onderwerp van die vraag	***Leeruitkomste gedek***
Bankversoening	**LU1** Finansiële Inligting • Vertolking van Bankversoeningstaat. **LU3** Bestuursbronne • Interne kontrole

VRAAG 4: (45 punte ; 27 minute)	
Onderwerp van die vraag	***Leeruitkomste gedek***
Kontantbegrotings	**LU2** Bestuursrekeningkunde • Voorbereiding, aanbieding en ontleding van ’n kontantbegroting van ’n eenmansaak.

VRAAG 5: (45 punte ; 27 minute)	
Onderwerp van die vraag	***Leeruitkomste gedek***
Vervaardigingsondernemings	**LU2** Bestuursrekeningkunde • Koste-beginsels en Algemene Grootboekrekeninge

VRAAG 6: (55 punte ; 33 minute)	
Onderwerp van die vraag	***Leeruitkomste gedek***
Klub- en Voorraadboekhouding	**LU1** Finansiële Inligting • Rekeningkunde van Nie-Winsgewende organisasies. **LU3** Bestuursbronne • Verskillende Voorraadboekhoudingstelsels

VRAAG 1

VASTE BATES EN INKOMSTESTAAT (60 punte ; 36 minute)

Die volgende inligting is op 28 Februarie 2011, die einde van die huidige finansiële jaar, uit die boeke van Sharks Handelaars geneem.

OPDRAGTE:

1.1 *Verwys na bykomende Inligting A:*

- Voltooi die Toerusting- en Opgehoopte Waarderverminderingrekeninge in die Algemene Grootboek. (15)
- Voltooi die Vaste Bate Nota in die Balansstaat. (8)

1.2 Neem die volgende bykomende inligting in ag om die Inkomstestaat vir die jaar eindigende 28 Februarie 2011op te stel. (37)

INLIGTING

SHARK HANDELAARS
Lys van vooraansuiwerings saldo's en -totale op 28 Februarie 2011 *(onder andere)*

Toerusting	31 000
Opgehoopte Waardevermindering op Toerusting	14 500
Handelsvoorraad	23 450
Debiteurekontrole	16 540
Vaste Deposito (13% p.j. rente)	8 000
Voorsiening vir Oninbare Skulde	1 111
Lening : Y Bank	20 000
Verkope	123 860
Debiteure-afslag	1 360
Koste van Verkope	57 500
Huurinkomste	31 850
Salarisse en Lone	36 000
Versekering	2 220
Korting ontvang	1 140
Wins met Verkoop van bate	100
Rente op lening	2 500
Oninbare Skuld	730
Munisipale Dienste	6 340
Rente op belegging	200
Verbruiksgoedere	4 440
Diverse Uitgawes	8 860

BYKOMENDE INLIGTING EN AANSUIWERINGS

A Vaste Bates (Toerusting)

- Op 1 Mei 2010 is ŉ ou kantoorlessenaar, kosprys R3 600 vir R2 500 kontant verkoop. Die opgehoopte waardevermindering op 1 Maart 2010 op die lessenaar was R 1 200. Die verkoopsklerk het die transaksie soos in onderstaande Bateverkoperekening aangedui, aangeteken:

BATEVERKOPE (N12)

2010 MEI	1	Toerusting	3 600	2010 MEI	1	Opgehoopte Waardevermindering op Toerusting	1 200
		Wins met verkoop van bate	100			Bank	2 500

- Op 1 Junie 2010 het Sharks Handelaars addisionele toerusting ter waarde van R 8 000, op krediet, van Lesley Voorsieners aangekoop. Die transaksie is nie aangeteken nie.
- Toerusting se waarde word verminder teen 15% p.j. volgens die verminderde saldo metode (drawaarde).

B ŉ Verdere R 320 moet as oninbaar afgeskryf word (Oninbare Skulde) en die Voorsiening vir Oninbare Skulde moet tot 5% van die Debiteure aangesuiwer word.

C Handelsvoorraad:

- Die jaarlikse voorraadopname op 28 Februarie 2011 bepaal dat daar voorraad ter waarde R22 120 op hande was.
- Ongebruikte Verbruiksgoedere bedra R1 120.

D Rente:

- Rente op lening teen 12% p.j. moet in berekening gebring word. ŉ Bedrag van R 5 000 van die lening word elke jaar op 1 September terugbetaal.
- Die Vaste Deposito is op 1 Desember 2010 belê.

E Die huur vir Maart 2011 is ontvang en gedeponeer.

F ŉ Kwart van die Versekeringsuitgawe is ten opsigte van die volgende finansiële jaar.

60

VRAAG 2

VENNOOTSKAPPE (60 punte ; 36 minute)

Jy word voorsien met inligting uit die boeke van FM Handelaars, ʼn vennootskap, wat handel dryf in die verkoop van radio's en verskillende audio-video toerusting. Die vennote is Y. Feint en U. Margin. Die finansiële jaar eindig elke jaar op 31 Desember.

OPDRAGTE:

2.1 Bereken die ontbrekende bedrae van **(a)** tot **(d)** in die Privaatrekeninge/Lopende rekeninge van die vennote. (15)

2.2 Bereken die Netto-wins vir die jaar. (7)

2.3 Y. Feint is geïnteresseerd in die opbrengs op sy kapitaal wat hy is die besigheid belê het om te bepaal of sy harde werk en stres die moeite werd was. Hy is daarvan bewus dat finansiële instellings 12,5% rente op vaste depoisito's aanbied.

- Bereken Feint se persentasie opbrengs op sy belegging. (6)
- Feint verstaan nie die betekenis van bogenoemde antwoord nie en vra vir jou hulp. Watter verduideliking sal jy aan hom gee? (3)

2.4 Feint het ʼn motorvoertuig met drawaarde van R 55 000 as ʼn vermindering van sy kapitaalbydrae geneem. Dit is aangeteken as die bedrag wat hy bereid was om vir die voertuig te betaal.

2.4.1 Gee ʼn geskikte rede waarom Margin ontevrede met bogenoemde transaksie kan wees. (2)

2.4.2 Margin het besluit dat die besigheid in die nuwe jaar ʼn interne ouditeur moet aanstel. Beskryf die basiese funksie van ʼn interne ouditeur. (2)

2.4.3 Verduidelik hoedat ʼn interne ouditeur sal bydra om kwessies soos in VRAAG 2.4 beskryf op te los. (2)

2.5 Berei die volgende Notas tot die Balansstaat voor:

- Kapitaal (5)
- Handels- en ander Betaalbare bedrae (6)

2.6 Voltooi die **Ekwiteit en Aanspreeklikheid** afdeling van die Balansstaat wat voorsien word. (12)

INLIGTING:

A Die Kapitaal- en Privaatrekeninge soos hulle in die Algemene Grootboek verskyn:

ALGEMENE GROOTBOEK VAN FM HANDELAARS

KAPITAAL: FEINT (B1)

2010 Mrt	31	Motorvoertuig	20 000	2010 Jan	1	Saldo	a/b	180 000

KAPITAAL: MARGIN (B2)

				2010 Jan	1	Saldo	a/b	120 000
				Sep	1	Bank		40 000

PRIVAATREKENING: FEINT (B3)

2010 Jan	1	Saldo a/b	2 260	2010 Des	31	Salaris: FEINT	**(a)**
Des	31	Onttrekkings: FEINT	60 500			Rente op Kapitaal	**(b)**
		Saldo o/d	30 865			Verdelingsrekening	12 775
			93 625				93 625
				2011 Jan	1	Saldo a/b	30 865

PRIVAATREKENING: MARGIN (B4)

2010 Des	31	Onttrekkings: MARGIN	69 600	2010 Jan	1	Saldo a/b	12 710
		Saldo o/d	**(d)**	Des	31	Salaris: MARGIN	69 600
						Rente op kapitaal	**(c)**
						Verdelingsrekening	12 775

- Albei vennote onttrek maandeliks hulle salarisse. Dit is aangedui in die Onttrekkingsrek se bedrag in die Privaatrekening. Feint het nog nie sy Desember salaris onttrek nie.
- Rente op kapitaal word bereken teen 9% p.j. op die Kapitaalrekeninge se saldo's.

B Inligting van die Na-Afsluitings Proefbalans op 31 Desember 2010:

Lening: XY Bank	80 000	Vooruitontvange Inkomste	4 520
Krediteurekontrole	22 680	Opgelope Uitgawes	6 650
Oortrokke Bankrekening	?	Vooruitbetaalde Uitgawes	5 290
Opgelope Inkomste	7 160	SAID – LBS & Pensioenfonds	20 950

- R5 000 van die lening is betaalbaar in die volgende finansiële jaar.
- Die huidige bedryfsverhouding is **2,1 : 1**
- Sommige bedrae is ingevul op die Balansstaat in die Antwoordeboek.

VRAAG 3

BANKVERSOENING (35 punte ; 21 minute)

OPDRAGTE:

3.1 Deur van die onderstaande inligting gebruik te maak:

3.1.1 Stel die Kontantjoernale vir Junie 2011 op. (16)

3.1.2 Doen die Bankrekening in die Algemene Grootboek. (6)

3.1.3 Stel die Bankversoeningstaat vir 30 Junie 2011 op. (9)

3.2 Die Bestuurder is bekommerd oor die uitstaande deposito's ter waarde van R15 000. As gevolg daarvan het die bankrekening 'n oortrokke saldo op die Junie-bankstaat.

- Noem interne kontrolemaatreëls wat ingestel kan word om so 'n situasie te voorkom. *(Twee geldige redes)* (4)

INLIGTING:

1. **Bankversoeningstaat van Stormers Handelaars op 31 Mei 2011.**

		DEBIET	KREDIET
Kredietsaldo soos per Bankstaat (UC Bank)			6 690
Krediteer deposito's nog nie aangeteken nie			4 760
Debiteer uitstaande tjeks	Nr. 112	352	
	Nr. 123 (1 Sept 2010)	100	
	Nr. 137	458	
	Nr. 142 (30 Junie 2011)	320	
Debietsaldo soos per Bankrekening		10 220	
		11 450	11 450

2. Op 30 Junie 2011, voordat die Bankstaat ontvang is, was die voorlopige banktotale in die kontantjoernale soos volg:
   - Kontantontvangste Joernaal, R17 763
   - Kontantbetalings Joernaal, R15 960

3. 'n Vergelyking van die Junie Bankstaat met die Mei Bankversoeningstaat (hierbo) asook die Kontantjoernale, het die volgende verskille getoon:

   Op die Bankstaat

   - 'n Onbetaalde tjek, R 265, van V. Skalk, 'n debiteur, as gevolg van onvoldoende fonds.
   - 'n Stoporder van R180 ten gunste van CKS Versekeraars vir die maandelikse versekering teen brand.
   - Bankkoste, R295.
   - Rente op vaste deposito van R18 000, by UC Bank, teen 'n koers van 11% per jaar, vir 2 maande
   - Tjek Nr. 112 verskyn op die Bankstaat as R325 (die korrekte bedrag). Dit was vir die aankoop van Skryfbehoeftes van CXB Skryfbehoefte-Handelaars.
   - Tjek Nr. 123 is uitgereik aan STARS, die plaaslike rolbalklub vir die eienaar se jaarlikse ledegeld. Die klub het intussen gesluit as gevolg van swak ondersteuning van hul lede.
   - 'n Tjekbetaling ten gunste van TELKOM vir R540, verskyn verkeerdelik op die Bankstaat. Dit was 'n betaling van die eienaar se persoonlike tjekrekening.
   - Tjek Nr. 137 en die deposito van R4 760 verskyn op die Bankstaat.

   In die Kontant Joernale:

   - Deposito's ter waarde van R15 000 in die Kontantontvangste Joernaal is nog nie gedeponeer nie.
   - Skedule van tjeks, uitgereik gedurende Junie 2011, wat nog nie vir betaling aangebied is nie.

Tjek Nr. 156	R380
Tjek Nr. 162	R740

4. Die Bankstaat vertoon 'n oortrokke saldo aan die einde van die maand.

VRAAG 4

KONTANTBEGROTINGS (45 punte ; 27 minute)

OPDRAGTE:

Die onderstaande inligting verskyn in die boeke van Crockley Skryfbehoefte-Handelaars:

4.1 Stel die Debiteure-invorderingskedule vir Junie en Julie 2010 op. (10)

4.2 Voltooi die Kontantbegroting vir Junie en Julie 2010. Sekere van die bedrae is op die Antwoordeboek ingevul. (26)

4.3 Beantwoord die volgende vrae.

4.3.1 Hoekom is dit nodig om 'n Kontantbegroting op te stel? (2)

4.3.2 Jy ontdek dat die werklike motoruitgawes vir Junie 2010, R6 550 was. Gee TWEE moontlike redes/verduidelikings vir die verskil. (2)

4.3.3 Bestuur die besigheid sy kontant doeltreffend?
Motiveer jou antwoord deur TWEE voorbeelde (met syfers/getalle) uit die begroting aan te haal. (5)

INLIGTING:

1 Verkoopsyfers vir die begrotingstydperk:

WERKLIKE VERKOPE		BEGROTE VERKOPE	
Maart	49 000	Junie	56 000
April	47 600	Julie	41 440
Mei	44 800		

- 25% van die totale verkope is kontant.
- Alhoewel dit van die debiteure verwag word om binne 30 dae te betaal, is die betalingspatroon soos volg:
  30% van die debiteure betaal in die maand waarin verkope plaas gevind het.
  55% betaal in die volgende maand.
  12% betaal twee maande na verkope.
  Die saldo is gewoonlik oninbaar (oninbare skuld)

2 Die besigheid handhaaf ŉ konstante winsopslag van 40% op kosprys.
- Die besigheid vervang die voorraad soos dit verkoop word.
  (ŉ Basiese voorraad word gehandhaaf)
- 50% van alle voorraad word kontant aangekoop.
- Krediteure staan 60 dae krediet toe, maar staan 5% korting toe as uitstaande skuld binne 30 dae betaal word (*die volgende maand*). Die besigheid maak altyd van die kortingvoordeel gebruik.

3 Diverse uitgawes bedra R4 300 per maand en daar word verwag dat dit dieselfde sal bly vir die begrotingstydperk.

4 Salarisse en Lone bedra R16 000 per maand. Werknemers is geregtig op ŉ 8% jaarlikse inflasie-gekoppelde verhoging vanaf Julie.

5 Motorvoertuiguitgawes bedra R5 000 per maand. Dit sluit nie Waardevermindering wat R 1 250 per maand bedra, in nie.

6 Die besigheid het ŉ lening van R120 000 by VW Bank met ŉ rentekoers van 12% p.j. Die maandelikse rente word elke maand op die 25ste van daardie maand betaal. Neem in ag dat R20 000 van die lening op 1 Julie 2010 terugbetaal moet word.

7 ŉ Belegging van R25 000 verval op 1 Junie 2010. Die besigheid verwag dat die bedrag, plus 15% rente p.j., vir die laaste twee maande, in Junie ontvang sal word.

8 Die Bank het ŉ kredietsaldo van R2 144 op 31 Mei 2010. *(oortrokke)*

VRAAG 5

VERVAARDIGINGSONDERNEMINGS (45 punte ; 27 minute)

5.1 Die onderstaande inligting is aan die einde van die finansiële jaar, op 30 Junie 2010, uit die boeke van Kolkata Vervaardigers geneem:

Aantal krieketkolwe vervaardig			4 365
Omset (verkope) vir die jaar (alle eenhede vervaardig, is verkoop)			720 225
Totale vaste koste			299 600
	• Fabrieksbokoste	?	
	• Administratiewe koste	138 095	
Totale veranderlike koste			414 675

Aantal krieketkolwe vervaardig vir die jaar eindigende 30 Junie 2009	4 120
Die fabrieksbokoste per eenheid op 30 Junie 2009	R42

5.1.1 Drie keuses word voorsien vir elkeen van die onderstaande stellings. Kies die antwoord en skryf net die letter (A – C) langs die vraagnommer in die antwoordeboek. Byvoorbeeld (a) B.

(a) Die lone wat aan die fabriek se skoonmaker betaal word, word geklassifiseer as …

A direkte arbeidskoste.
B administratiewe koste.
C fabrieksbokoste. (1)

(b) Watter EEN van die volgende word **nie** as administratiewe koste gereken nie?

A Versekering
B Verpakkingsmateriaal
C Skryfbehoeftes (1)

(c) ... is ŉ voorbeeld van verkoops- en distribusiekoste.

A Advertensies
B Grondstowwe
C Waardevermindering van Aanleg en Masjinerie (1)

5.1.2 Deur van die getalle in bostaande tabel gebruik te maak, bereken die gelykbreekpunt. (6)

5.1.3 Watter raad sal jy aan Kolkata Vervaardigers gee met betrekking tot die gelykbreekpunt-analise wat hierbo bereken is? (3)

5.1.4 Bereken die fabrieksbokoste per eenheid vir die jaar eindigende 30 Junie 2010. (4)

5.1.5 Die fabrieksbokoste per eenheid vir 2009 was R42. Gee ŉ moontlike rede (behalwe vir prysveranderinge) vir die verandering in die eenheidskoste. (2)

[18]

5.2 Inligting van Chennai Produkte vir die jaar eindigende 30 Junie 2011.

OPDRAGTE:

5.2.1 Bereken die totale fabrieksbokoste. (14)

5.2.2 Boek oor na die volgende rekeninge in die Algemene Grootboek:

- Goedere-in-Bewerking rekening. (7)
- Klaarprodukte rekening. (6)

[27]

INLIGTING:

1. Saldo's

	30 Junie 2011	30 Junie 2010
Goedere-in-Bewerking voorraad	18 900	22 220
Klaarprodukte voorraad	**?**	37 600
Fabriek Indirekte Materiaal	6 200	9 870

2. Transaksies en ander finansiële inligting vir die jaar eindigende 30 Junie 2011:

Totale Primêre Koste	414 680
Direkte Arbeidskoste	114 080
Salarisse:	
• Fabrieksvoorman	72 000
• Verkoopsbestuurder	48 000
Fabrieks indirekte materiaal aangekoop	33 330
Water en Elektrisiteit	23 450
Huuruitgawe	66 900
Versekering	8 600
Waardevermindering op Aanleg en Masjinerie	12 400
Diverse fabrieksuitgawes	10 285
Advertensies	10 980
Verkope van klaarprodukte *(Goedere word verkoop met 'n winsopslag van 50% op kosprys)*	900 000

- Huur word bereken op grond van die vloerspasie gebruik deur die verskillende departemente en is soos volg:

	FABRIEK	KANTOOR	VERKOPE
Vierkante meter	1 400	100	600

- 10% van die water en elektrisiteit is vir die kantoor en 20% vir die verkoopsdepartement. Die res word deur die fabriek gebruik.

- Die helfte van die versekeringsuitgawe moet aan die fabriek toegeken word.

VRAAG 6

KLUBS EN VOORRAADBOEKHOUDING (55 punte ; 33 minute)

6.1 KLUBS

(a)

Die volgende Ledegeldrekening verskyn in die Algemene Grootboek van Spartan Tennisklub vir die jaar eindigende 31 Desember 2010:
Bestudeer die rekening en beantwoord die volgende vrae.

ALGEMENE GROOTBOEK VAN SPARTAN TENNISKLUB
LEDEGELD (N1)

2010 Jan	1	Opgelope Inkomste	800	2010 Jan	1	Vooruitontvange Inkomste	320
Des	31	Vooruitontvange Inkomste	160	Des	31	Bank	5 760
		Inkomste en Uitgawe	**(b)**			Ledegeld afgeskryf	**(a)**
						Opgelope Inkomste	**(c)**
						Honorarium	160
			?				**?**

Addisionele Inligting:

- Ledegeld beloop R160 per lid, per jaar.
- Op 1 Januarie 2010 het die klub 42 lede gehad.
- Net 2 lede het hulle uitstaande ledegeld vir 2009 betaal.
- Die lede wat die reëls nie nagekom het nie, is summier geskors en hulle lidmaatskap is summier beëindig.
- 8 nuwe lede het gedurende 2010 aangesluit en hulle ledegeld betaal.
- Sommige lede het nie hulle ledegeld vir die jaar betaal nie.

VRAE

6.1.1 Neem die addisionele inligting in ag en bereken die bedrae vir **(a), (b)** en **(c)** in bostaande grootboekrekening. *Toon alle berekeninge.* (12)

6.1.2 Gee ŉ geskikte rede waarom "honorarium" aan die kredietkant van die rekening is. (2)

6.1.3 (a) Bereken die aantal lede wie se ledegeld nog op 31 Desember 2010 uitstaande is. (3)

(b) Noem TWEE voorstelle vir die komitee hoedat hulle lede kan aanmoedig om hulle ledegeld betyds te betaal. Onthou net om die lede met rente te belas, nie ŉ opsie is nie, want dit sal lede net van die klub af wegdryf. (4)

(c) Die Voorsitter is bekommerd oor die gebrek aan belangstelling deur lede in die klub se aktiwiteite. Hoe kan sy die lede motiveer om meer belangstelling in die klub te toon? Noem TWEE voorstelle. (4)

[25]

6.2 AANTEKENING VAN VOORRAAD

6.2.1 Die volgende transaksies verskyn in die boeke van Ramon Winkels vir die finansiële jaar eindigende 28 Februarie 2011:
Die besigheid maak van die periodieke voorraadstelsel gebruik om hulle voorraad aan te teken.

Ontleed die transaksies volgens die opskrifte in die tabel in die antwoordeboek. Bates, Ekwiteit en Laste moet met (+) aangetoon word as dit vermeerder en ŉ (-), as dit verminder asook die bedrae moet getoon word. (20)

TRANSAKSIES:

(a) Neem goedere op krediet gekoop van V T Handelaars vir R3 690 in ontvangs.

(b) Betaal R285 per tjek vir die aflewering van bogenoemde goedere.

(c) Stuur goedere wat nie volgens bestellings is nie terug aan V T Handelaars. Ontvang hulle kredietnota vir R320.

(d) Reik ŉ tjek uit aan VT Handelaars,R1 500,as gedeeltelike betaling van ons rekening.

(e) Die voorraadopname op 28 Februarie 2011 toon dat goedere ter waarde van R6 240 nie verkoop is nie.

6.2.2 Ramon koop goedere in grootmaat aan en reken dat daar ŉ groot vraag na die produkte is wat hy te koop aanbied. Hy is nie tevrede dat daar groot hoeveelhede voorraad in en uit die besigheid beweeg sonder behoorlike toesighouding. Die gevolg is dat die besigheid maklik uit voorraad raak. Hy oorweeg dit om na ŉ ander voorraadstelsel oor te skakel.

VRAE:

(a) Noem nog EEN ander stelsel wat gebruik kan word om voorraad aan te teken. (2)

(b) Identifiseer TWEE swakhede (nadele) van die periodieke stelsel wat gebruik word. (4)

(c) Verduidelik hoe die gebruik van ŉ alternatiewe voorraadstelsel sal help om die kontrole oor die voorraad te verbeter. (4)

[30]

55

TOTAAL: 300